## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Johan | Bonthuys | 11/09 |
| Paul | Theunissen | 11/09 |
| Wimpie | Kirsten | 11/10 |
| Awie | van Wyk | 11/10 |
| Trudi | Kleynhans | 11/11 |
| Zelda | Jv Rensburg | 11/12 |
| Annalet | Malherbe | 11/12 |
| Elane | vd Westhhuizen | 11/12 |
| Anne | Mynhardt | 11/13 |
| Mauritz | van Heerden | 11/13 |
| Des | Weller-Blaber | 11/13 |
| Corieta | de Wet | 11/14 |
| Elmarie | Marais | 11/14 |
| Ferdi | vd Merwe | 11/14 |
| Shereen | Visser | 11/14 |
| Victor | Hugo | 11/15 |
| Hester | Matthee | 11/15 |

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

09 November 2025

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 09/11**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Kategese
Sinodale kollekte:
Gemeente
**Donderdag**
11h00 Kommunikasie
**Vrydag**
09h00 All Pay

**EREDIENSTYE 16/11**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Kategese
Spesiale kollekte:
Basaar

### Straatwerk

Vir enige navrae of donasies kontak asb vir Kobus Meyer. 0845142838

LIDMATE VERKIES TOT DIE KERKRAAD op die Kerkraadsvergadering van 28 Oktober 2025:
Voorsitter van die Kerkraad:
Ds. Franziska Andrag-Meyer
Ouderling Suiderstrand:
Danie Schutte
Diaken Mount Pleasant:
Rolene Prins

### GEMEENTEVROUE

Sal alle gemeentevroue asseblief Dinsdag, 11 November, om 11h00 kom saamdink oor die bediening van Lidmaat- en gasvryheidbediening?
Bring idees saam! Ons kom in Struisbaaikerk saam.
Joanie (072 5193 170).
Al is jy nie 'n lidmaat nie, maar jy skakel by ons in - WELKOM!

**Teksvers vir die week:** Job 19 : 25
Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer!

## Ons bid vir...

1. Almal wat hierdie week operasies moes kry.
2. Diegene wat in onsekerheid moet wag vir moontlike verdoemende resultate na ontleding van hulle toestande. Ons bid vir die Here se genade, genesing en bystand op die pad vorentoe as dinge dalk skeefloop.
3. Almal wat tans behandeling ontvang.
4. Bedroefdes en mense wat moedeloos is.
5. Entoesiasme, wysheid, insig en bo alles broederliefde en samewerking.

## Spesiale kollekte - Gemeente

Hierdie kollekte is aanvullende fondse buiten gewone dankoffers, bankoffers en fondsinsamelings vir die funksionering van ons gemeente - vir die vergoeding van personeel, gemeentedienswerk en die instandhouding van toerusting en geboue.
Om as lidmate vanuit die belydenis van geloof te leef, bring mee dat ons getrou ons dankoffer sal gee vir die voortbestaan van die gemeente.
Ons moet ook getroue en diensbare lidmate wees wat streef na onderlinge eenheid en liefde. Bekend maak bemind. Hoe meer jy inskakel by diensgroepe, hoe meer tuis voel jy. Jy mis dan jou gemeente as jy weggaan.
Goeie leiding, bestuur en versorging deur die ampte van ouderling, diaken en leraar is belangrik, sodat in lede se geestelike en lewensbehoeftes voorsien kan word. Goeie rentmeesterskap van die finansies is nodig.
In Jerusalem het die eerste gemeente ontstaan na die uitstorting van die Heilige Gees (Handelinge 2: 41 - 47). Daarna volg die stig van ander gemeentes oor die wêreld, soos die apostels dit versprei het.
As gemeente moet ons God se lof besing omdat Hy genadig is en ons moet die lig vir die wêreld wees ( Fil.2:15)
Gemeentes verskil van mekaar, ons mag maar. Ons moet persoonlik betrokke raak en mede-verantwoordelikheid aanvaar vir ons gemeente. Ons moet ook oop wees vir belangstellendes en besoekers in ons gemeente.
Dankie by voorbaat vir u offers en skenkings, Dit word hoog gewaardeer.

## Vir ons kinders

### Die KAR

Matt Eicheldinger vertel eendag die storie van die kar. Hy weet nie veel van motors af nie, maar sy vrou nog minder. Sy sal byvoorbeeld vra of die motor 'n Toyota is, dan sê hy nee, dis 'n Kia, die naam staan op die kar! Nou eendag moes Matt sy motor inneem vir herstel, want iets het 'n geraas gemaak. Die werktuigkundige sê toe daar is GROOT fout, dit sal duisende rande kos. Ou Matt kon maar net verslae luister.
Een van die mense sê toe vir Matt hy moet 'n tweede opinie kry, want dié ou kan jy nie vertrou nie. Ons glo mos vertroue is nie gegewe nie, dit moet verdien word. Matt sê hy wil nie heeldag wonder of hy iemand kan glo nie, of iemand hom indoen of vir hom jok nie. Dis goed om versigtig te wees, maar die wêreld is vol goeie mense. Hy weet nie van karre af nie, maar hy weet van mense en hy dink meer mense dink soos hy, as dié wat verskil. Dit is wat hy kies om in te glo. Gelukkig is ons wat nie geloof hoef te verdien deur ons dade nie, maar wat geloof in die drie-enige God as gawe ontvang. Mag ons as mense goed wees vir mekaar en mekaar ondersteun.

## Doen & Deel

### Dankie vir:

1. 'n Gemeente waarin ons tuis kan voel.
2. Die deelname van kinders, individue en die koor aan ons voorsang.
3. Getroue, puik musiekleiers in die vorm van Karin Michau wat begelei en voorsangers kies en help en Christa-Marié Williams wat soveel vir die koor doen.
4. Lidmate wat gereeld betrokke is by gemeenteaksies, soos die voorbereiding van kos en eetgoed vir funksies en fondsinsamelings.
5. 'n Lewendige kommunikasiesisteem by wyse van die Boodskapper, Suidpunt Netwerkgroep (albei as WhatsAppgroepe); ons facebookblad, die kerkalmanak en die Bulletin.
6. Amptenare en versorgers wat aktief is.
7. Tuistes van aanbidding en samesyn met mede-gelowiges.
8. Al die aktiwiteite wat binne ons gemeente aangebied word.
9. Al die goeie gawes wat ons uit die Here se hand ontvang.